## Boekbespreking

*Pama, C.:* „Simbole van die Unie", pp. 30, Maskew Miller, 1959, 7/6.

HIERDIE boekie is by die geleentheid van die Uniefees uitgegee. Dit gee 'n baie oorsigtelike opsomming van die Uniewapens, die Unievlag en die Volkslied, die betekenis van elkeen, hoe dit ontstaan het en 'n beskrywing van soos elkeen vandag algemeen aanvaar is. Daar is twee afbeeldings in kleure, een foto en twee illustrasies in die teks. Die boekie is 'n baie handige inleiding tot die onderwerpe en sal 'n waardige plek tussen die ander Uniefees-uitgawes inneem. N.

*Van Jaarsveld, Dr. F. A.* en *Van Wyk, Theo* (met medewerking van dr. Jan Ploeger, dr. J. P. Bruwer en dr. J. I. Rademeyer): Geïllustreerde geskiedenis van Senior Sertifikaat, Sts. IX en X (volgens die nuwe gedifferensieerde leergang van Transvaal).

DIE jaar 1960 het 'n nuwe periode in die onderrig in Geskiedenis m.b.t. die senior klasse, sts. IX en X, in Transvaal ingelei. Differensiasie is ingevoer en dit het 'n wysiging in leergange ingebring wat beteken dat die ou geskiedenis-handboeke verouderd (hoewel nie uitgedien nie) geword het. Dit was hierdie konsepsie wat tot die skrywe van bogenoemde boek aanleiding gegee het. Daar kan baie voor en teen differensiasie gesê word. In elk geval het dit verandering gebring en is aanvanklik deur baie leerkragte toegejuig. Met verloop van tyd het voor- sowel as nadele egter aan die lig getree.

'n Volmaakte geskiedenis-hulpboek wat aan die vereistes van elke onderwyser sal voldoen, is feitlik onmoontlik — laat dit 'n vertroosting vir die skrywers van hierdie boek wees. Tog het sekere opvallende gebreke onder my aandag gekom na aanleiding van 'n rondskrywe wat ek aan verskeie leerkragte gestuur het.

Die skrywers, soos hierbo aangegee inderdaad 'n gesaghebbende paneel van historici, opvoedkundiges en 'n volkekundige, het getrag om liewer te volledig as te spaarsaam met die feite te wees. Dit het as gevolg dat dit 'n uitstekende hulpboek vir die onderwyser geword het terwyl dit vir die skolier te uitgebreid is. Bladsye handel oor stof wat nie ter sake is nie, sodat veral die swakker leerling dit moeilik sal vind om tussen belangrike en onbelangrike te onderskei. Verder is ook gevind dat die boek oor dele waar dit wel volledig moes wees, dit tog nie is nie. Ter verskoning van die skrywers kan in hierdie verband daarop gewys word, dat in die voorwoord dit pertinent gestel is dat die klem nie soseer op historiese besonderhede val nie maar op hoofontwikkelingslyne.

Die taalgebruik t.o.v. die algemene geskiedenis is 'n rapsie moeilik, veral vir die swakker leerling. Prysenswaardig egter is die feit dat moeilike begrippe soos *liberalisme, nasionalisme, demokrasie,* ens. duidelik omskryf word. Wat

die Suid-Afrikaanse geskiedenis betref vind ons oorvleueling tussen die onderdele. Dit was egter onvermydelik aangesien daar getrag is om kontinuïteit te handhaaf. Aan die einde van elke hoofstuk, Algemene sowel as Suid-Afrikaanse geskiedenis, is take aangegee wat rigtinggewend is vir die bestudering van die feite.

Die outeurs het ook nie uit die oog verloor nie dat dit van elke geskiedenis-onderwyser verwag word om altyd student te bly en daarom is daar ook verwysings na literatuur. Van die drie voorwoorde is twee spesifiek vir die onderwyser bedoel, waarin nastrewenswaardige wenke aan die hand gedoen word.

Besonder prysenswaardig is die talle foto's, prente, kaarte en tabelle. Die klem val hier beslis op die visuele aspek van die geskiedenis en op die geskiedenis as beeld van die verlede. Die sketskaarte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is besonder goed en insiggewend; die van die algemene geskiedenis oor die algemeen swakker.

Daar is gepoog om die leerstof sistematies aan te bied en kontinuïteit sowel as causaliteit tot hulle reg te laat kom. Die geskiedenis is in temas en fases aangebied en die inhoud is in genommerde paragrawe weer so ingedeel dat hulle afgeronde eenhede met eie onderafdelings vorm. Dit het die voordeel dat dit 'n oorsigtelike beeld gee en naslaan vergemaklik. Ook is die universele aspek van die geskiedenis in gedagte gehou, vandaar dat ook plek ingeruim is vir aardrykskunde. Objektiwiteit is na my oordeel deurgaans gehandhaaf.

Die outeurs moet gelukgewens word met hierdie „eersteling". Na ek verneem word 'n tweede, verbeterde druk in vooruitsig gestel. H. J. BOTHA.

*Dahms, Hellmuth Günther:* Der zweite Weltkrieg, pp. 608, Rainer Wunderlich Verlag, Tübingen, 1960.

RUIM twintig jaar lê tussen ons en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die stroom van populêre en wetenskaplike leesstof wat in verband met hierdie tydperk verskyn het, neem nog gedurig in omvang toe. Van 'n groot aantal van hierdie werke is die gehalte van twyfelagtige aard. Sommige skrywers het doelbewus die gevaarlike pad van oordeel en veroordeel betree; ander het met 'n ernstige gebrek aan betroubare boustowwe te kampe gehad. By nog 'n groep het die gebrek aan tydsafstand uitermate belemmerend gewerk.

Namate meer betroubare gegewens begin verskyn het, het 'n aantal historici hulle begin beywer om hierdie gegewens in te samel en volgens hul beste vermoë te verwerk.

Een van hulle is die Duitse historikus Hellmuth Günther Dahms. Met betrekking tot boustowwe het hierdie skrywer geen moeite ontsien nie. Ook het hy ryklik gebruik gemaak van instellings in verskillende lande waar vakkundiges nog steeds bedrywig is om bronnemateriaal uit te soek en gegewens beskikbaar te stel. Sy literatuuropgawe bewys dit.

Die resultaat van al hierdie werksaamhede is 'n uiters gebalanseerde, onbevooroordeelde weergawe van 'n tragedie wat in die geskiedenis van die wêreld nie sy gelyke vind nie. In verband met die oorsake beklemtoon die skrywer dat ons meerdere geslagte moet teruggaan, dat o.m. die heilsverlange van volke die pseudo-wetenskaplike ideologieë bevolkingsgroei, faktore soos

die magsewewigsbeleid en die verlange na wêreldheerskappy die aandag moet geniet.

Die verloop van die oorlog in alle dele van die wêreld word stelselmatig behandel. O.m. word die landoorlog in Wes-Europa belig, die „slag om Engeland" beskryf. Dan kom die Duitse Balkanoffensief en die see-oorlog in die Atlantiese oseaan, die eerste veldtog teen die U.S.S.R. en die toetrede tot die oorlog deur die V.S.A. aan die beurt. Die oorlog het in 1942 wêreldomvattend geword. Vervolgens kom die wending van die oorlog in die Verre Ooste, Noord-Afrika en die U.S.S.R. (1942 — 1943) onder bespreking. Dan volg die verdere verloop, wat met die ineenstorting van Duitsland (bl. 523 e.v.) en Japan (bl. 557) geëindig het.

Die skrywer gee ook ruimskoots sy aandag aan minder algemeen bekende aspekte soos geheime dienste en versetbewegings; ook aan die persoonlikheid en tekortkomings van Hitler as die ongeskoolde opperbevelhebber van die Duitse strydkragte, aan sy medewerkers en hul tekortkomings, aan die wrywings tussen Franse en Britse oorlogsleiers.

Nadat die krygsgeluide verstom het, het vredesverdrae tot stand gekom. Oor die lot van Duitsland kon geen ooreenstemming verkry word nie. Wie het uiteindelik oorwen? Die U.S.S.R. wat met 'n oppervlakte van 'n half miljoen vierkante km. vergroot is. Die vooroorlogse ewewigsbeleid kon nie meer toegepas word nie, groter teenstellings as ooit tevore het ontstaan.

Hoe gaan die gebeurtenisse van 1945 die toekoms beïnvloed? Die ontwikkelingsgang van die moderne beskawing, waarvan die verloop tot die dieper oorsake van die twee wêreldbrande bygedra het, is nog nie afgerond nie.

Vir almal wat in die tydperk onder bespreking belang stel en wat 'n deel van die huidige tydgebeure in 'n duideliker perspektief wil verstaan, is hierdie werk onontbeerlik. J. P.

*Van Jaarsveld, F. A.* en *Rademeyer, J. I.:* Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig, pp. 230, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960.

HIERDIE boek bestaan uit drie afdelings: Die teoretiese agtergrond vir die geskiedenisonderrig, die metodiek en die geskiedenisleergange vir die Unie met 'n lys van boeke en bronne vir geskiedenisonderwysers. Eersgenoemde skrywer was verantwoordelik vir die eerste en laaste afdeling; dr. Rademeyer het die tweede afdeling versorg.

Albei skrywers het daarin geslaag om binne die grense wat hulle hulle gestel het, die onderskeie afdelings tot hul reg te laat kom. Dit is ook juis gesien dat alleen die onderwyser met teoretiese kennis die praktiese sy van sy vak volgens sy beste vermoë kan behartig. Ons is dr. Van Jaarsveld ook erkentelik vir die sielkundige benadering van die geskiedenisonderrig waar dit die leerling betref (hoofstuk 4). Ook sy aanmaning in verband met die aankweek van besonnendheid en ewewigtigheid (bl. 85) is, veral in ons land, van besondere belang.

In die vyfde hoofstuk word die geskiedenis van die geskiedenisonderrig in die buiteland behandel, terwyl die inhoud van die daaropvolgende hoofstuk

'n geslaagde poging is om 'n soortgelyke oorsig in verband met ons eie land te verstrek. Waar die skrywer die behoefte aan 'n vaderlandse geskiedbeeld bespreek, sou ons graag vermeld sien die werk wat deur Johan Frederik van Oordt, beter bekend as D'Arbez, verrig is om in die vorm van historiese romans („Zuid-Afrikaansche Historie-Bibliotheek", 1896 — 1921) by jonk en oud die belangstelling vir die verlede aan te wakker.

Ook sou ons graag dr. E. C. Godée-Molsbergen se „Geschiedenis van Zuid-Afrika voor Schoolgebruik" (1910) onder die ouer handboeke (bl. 102) vermeld sien. Hierdie rigtinggewende boek is op versoek van die S.A. Taalbond, die S.A. Onderwysersunie en die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging geskryf (1910).

Dr. Rademeyer behandel o.m. die aanskouingsmiddels. Saam met hom opper ons ook die bedenking dat die tydsfaktor in die hoërskool die gebruik van dergelike middels veral in die hoër klasse bykans onmoontlik maak. Dit geld nog meer vir die nuwe Transvaalse leerplan as in die verlede. Tereg beklemtoon dr. Rademeyer die samehang tussen aardrykskunde en geskiedenis, veral waar dit die topografie betref. Volop kaarte in handboeke kan in hierdie opsig baie verhelderend werk.

'n Studie van die leergange toon duidelik twee strominge aan, nl. die beklemtoning van die patriotiese en nasionale by die Afrikaanssprekende en die algemene oriëntering op die buitewêreld by die Engelssprekende. 'n Voorbeeld van die tweede stroming is die huidige Natalse leergang.

In die Vrystaatse leergang is weer 'n sterk aardrykskundige inslag. Andersyds bestaan daar weer 'n sterk ooreenkoms tussen die leergange van Transvaal en Kaapland. Die vraag rys of 'n groter mate van eenvormigheid nie noodsaaklik is nie. Per slot van rekening lei ons tog almal die toekomstige burgers en burgeresse van een en dieselfde staat op.

Met betrekking tot die literatuurlys op bl. 229 sou ons graag prof. dr. H. B. Thom se artikel: „Die huidige staat van historiese navorsing in Suid-Afrika", soos verskyn in „Die Stellenbosse Oudstudent" (deel XII, nr. I, April 1943) vermeld sien.

Ofskoon hierdie bydrae reeds taamlik oud is, is dit nog steeds van waarde, ook al om te kan vasstel watter vorderinge sedert 1943 gemaak is en watter probleme nog steeds bestaan.

Hierdie paar op- en aanmerkings doen geen afbreuk aan die waarde van 'n uiters nuttige boek nie. Ook waar dit die eerste werk van sy soort is wat in Afrikaans verskyn het en dit, binne die bepaalde bestek tot op datum is, kan slegs die hoop uitgespreek word dat dit in die hande van almal sal kom vir wie dit bedoel is. Dit kan die peil en resultate van ons geskiedenisonderwys slegs ten goede kom. JAN PLOEGER.

*Barry, Anna:* Ons Japie. Dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog, pp. 118, 13/3, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg-Kaapstad, sonder datum.

'N MENS vra jou soms af waarom 'n oorlogsdagboek wat deur 'n tienderjarige geskryf is, in al sy naïewe onbeholpenheid so veel interessanter kan wees as 'n boek van menige volwassene. Waarom bv. het 'n boek soos „Het Achter-

huis" van Anne Frank 'n wêreldsukses geword? Miskien lê die antwoord in die onbevangenheid, die naïewe verwondering, die verbystering en die weerloosheid van 'n jong gemoed teenoor die ruwe geweld wat elke oorlog inhou. Ook die dagboek van Anna Barry (mev. J. M. C. Reitz) het iets daarvan.

Sy was 16 jaar toe die oorlog uitgebreek het en toe sy besluit het om 'n dagboek te hou. Sy was lid van 'n gesin op die plaas Abrikooskop, Ficksburg. Hooffiguur in die boek is haar broer Japie, vir wie sy 'n heldeverering gekoester het. Hy word met die oorgawe van Prinsloo krygsgevangene gemaak en na veel angste oor sy onsekere lot, word die ontsettende nuus van sy afsterwe in Ceylon, ontvang.

Origens is die dagboek 'n weerspieëling van die angsvolle bestaan van 'n moeder met drie dogters alleen op 'n plaas wat periodiek besoek word deur Boere en Engelse, tot die plaas afgebrand word en hulle 'n heenkome in Ficksburg, later in Basoetoland moes soek. Treffend is die problematiek wat in die jeugdige gemoed ontstaan oor die posisie van haar vader. Hy was aanvanklik burger op kommando maar word gevange geneem terwyl hy tuis aan 'n wond herstel. Hy lê die eed van neutraliteit af en is as gevolg daarvan in dié mate bevoorreg dat hy na Basoetoland kon uitwyk waar hy heelwat van sy vee kon red en ten slotte ook 'n heenkome aan sy vrou en dogters kon besorg. Hy weier om by die National Scouts aan te sluit maar ook om sy eed van neutraliteit te verbreek en weer by die kommando's aan te sluit.

Die dagboek vorm beslis 'n bydrae tot ons literatuur oor die oorlog. Dit gee 'n blik in die besondere omstandighede wat aan die Basoetolandse grens geheers het tydens en direk na die oorlog, waar „vegtendes of ‚wilde Boere', hensoppers, National Scouts, vlugtelinge, bannelinge en mak Engelse" in 'n sonderlinge mengsel saam verkeer het.

Dit is jammer dat die dagboek in Afrikaans vertaal is en nie in sy oorspronklike vorm uitgegee is nie. Sy het in Engels begin skryf — die huistaal van die familie was Engels — maar na die wandade van die Engelse haar met afgrysing vervul het, het sy na Nederlands oorgeslaan. Dis te hope dat die manuskrip in veilige bewaring aan die Vrystaatse Argief oorhandig sal word, as dit nie reeds daar is nie. F. J. du T. S.

*De Kersauson de Pennendreff, Robert:* Ek en die Vierkleur, pp. 141, 13/6, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg-Kaapstad, sonder datum.

DIE skrywer van hierdie boek is 'n Franse edelman uit Nantes, Frankryk, wat direk na sy 21ste verjaarsdag, 15 Februarie 1900, na Suid-Afrika vertrek het om aan te sluit by die Boere in die Tweede Vryheidsoorlog. Hy was 'n neef van die bekende kol. De Villebois-Mareuil wat reeds gesneuwel het toe hy in Suid-Afrika aangekom het. Hy is in Machadodorp voor pres. Kruger persoonlik ingesweer as 'n burger van die Suid-Afrikaanse Republiek en het kort daarna deelgeneem aan die slag van Dalmanutha en verskeie ander veldslae in Oos-Transvaal. Na die aanvanklike antipatie teen Uitlanders by die burgers oorwin is, is hy as „Robert die Fransman" volkome onder die Boere aangeneem. Toe

'n paar boodskappers van genl. De Wet in Oos-Transvaal opduik, vra hy toestemming om saam met hulle terug te keer na die Vrystaat waar hy ten slotte lid geword het van die beroemde Theron-Verkennerskorps.

Saam met De Wet se inval in die Kaapkolonie trek hy ook oor die Oranjerivier en swaai daarna saam met kommandante Malan en Scheepers af na die Kaapse Middellande. Ten slotte vergesel hy genl. Manie Maritz toe die gestuur is om in Boesmanland die weerstand van die rebelle te organiseer.

Die oorlog in die Kaapland bevat 'n kleurrykheid en waaghalsigheid wat elders nie in dieselfde mate teruggevind word nie. Dit was 'n guerillastryd in die ware sin van die woord; die Boeremagte kon hier nooit in groot getalle optree nie — moes maar altyd net vinnig toeslaan en dan uitwyk. Hiervan gee die dagboek van De Kersauson ons 'n goeie indruk. Dit is uitermate spannend. Dit gee veral 'n blik in die optrede van daardie kleurryke figuur, Manie Maritz, op wie se staf hy later dien en vir wie hy groot bewondering gekry het. Die boek begin in die vorm van herinneringe maar na die vyfde hoofstuk neem dit 'n dagboekvorm aan. Die geheel vorm 'n besonder onderhoudende oorlogsverhaal. F. J. du T. S.

*Rex, H. M.:* Pretoria van kerkplaas tot regeringsetel, pp. 107, 25/-, H.A.U.M., Kaapstad-Pretoria, 1960.

OOR die ontstaan van Pretoria het al heelwat geskrifte die lig gesien. Dit is begryplik dat dit die geval is, want dit geld hier 'n onderwerp wat nie net 'n stukkie plaaslike geskiedenis behels nie, maar wat van wyer betekenis is vir die geskiedenis van Transvaal en van die Afrikanervolk self. „Pretoria is gestig in 'n tydperk van politieke verdeeldheid, maar die bestaan van Pretoria het die Trekkers langsamerhand opgevoed tot die eenheidsidee wat uiteindelik volkome geseëvier het" (p. 85).

Van al die geskrifte het die onderhawige boekie van H. M. Rex die diepste op die saak ingegaan en die mees logiese ontleding gegee van al die faktore wat tot die stigting van Pretoria aanleiding gegee het. Die skrywer het alle moontlike argivale en ander bronne geraadpleeg en 'n baie aanneemlike beeld van die ontwikkeling van sake gegee. Hy wys daarop hoe in die wordingsjare van die Republiek daar 'n duidelike behoefte was aan 'n sentrale vergaderplek en hoe Pretoria gaandeweg aan die behoefte beantwoord het.

Danksy die handigheid en versiendheid van M. W. Pretorius word die plaas Elandspoort aan die Apiesrivier eers as kerkplaas geproklameer. Hy het goed geweet dat daaruit 'n dorp sou groei. Maar selfs na die dorp gestig en uitgemeet is, het dit nog jare geduur voor dit as regeringsetel aangeneem is. Eers in Mei 1860 is die regering finaal daar gevestig. Interessant en oorspronklik is die skrywer se teorie oor die oorsprong van die naam Pretoria (pp. 100-103).

Die boek (wat 'n gedeelte van 'n M.A.-verhandeling is) is besonder onderhoudend en oortuigend geskryf. Met 'n sestal foto's wat daarin opgeneem is en die keurige versorging van band en drukwerk sal dit 'n gewaardeerde besitting vir elke geskiedenisliefhebber wees. F. J. du T. S.

*McBurney, C. M. B.: The Stone Age of Northern Africa:* pp. 228, 31 ill., 47 afb.; Pelican Books, Harmondsworth, 1960. 6/-.

GEDURENDE die laaste jare het die aantal titels van „Pelican Books" oor oudheidkunde gestadig uitgebrei. Die argeologie van Afrika is hierby goed bedeel: na 'n boek oor Oos-Afrika het een oor Suidelike Afrika gevolg,(1) terwyl nou hierdie publikasie oor Noordelike Afrika verskyn het.

Die skrywer is van Amerikaanse afkoms. Hy is nou dosent in die argeologie aan die Universiteit van Cambridge en het al 'n hele aantal publikasies oor die oudheidkunde die lig laat sien.

Soos die meeste Pelican-uitgawes is ook hierdie boek populêr-wetenskaplik geskrywe en dit wil in die eerste plek die belangstellende leek bereik. Gevolglik vind ons tereg 'n uitvoerige oorsig oor hoever die argeologiese wetenskap tot vandag toe gevorder het. Dit word gevolg deur 'n aardrykskundige beskouing oor die noordelike deel van die Afrikaanse kontinent en in die besonder natuurlik oor woestynomstandighede. Vervolgens is daar 'n oorsig vanaf die eerste kentekens van die mens tot aan die historiese tyd, en die boek eindig met 'n kortlikse bespreking oor die pre-historiese kuns van hierdie gebied. Daar is 'n uitvoerige bewysvoering van hoe die gebiede om die Middelandse See mekaar in die voor-historiese tydperk soms beïnvloed het.

Hier en daar benadruk die skrywer sy persoonlike menings en afleidings baie sterk. So is daar bv. die aanduiding dat Homo Sapiens vermoedelik uit Palestina stam, na Wes-Europa geëmigreer het en daar die Neanderthal-mens verdring het, sodat daar dus geen ewolusie van die een uit die ander plaasgevind het nie. Vir die leek is party van sulke teorieë besonder aantreklik, maar die juistheid daarvan sal aan die vakkundige vir beoordeling moet oorgelaat word. Die aanduiding van bronne is ook onvoldoende om sulke opvattings nader te kan toets.

Nogtans verskaf die boek vir die deskundige 'n goeie oorsig en die hoeveelheid kennis wat die nie-vakkundige daaruit kan opdoen is ruimskoots voldoende om 'n grondige indruk op te bou nie net van die argeologie in die algemeen nie, maar ook van die besondere probleme wat daar op hierdie gebied op die Afrikaanse kontinent bestaan. Wanneer ons dit in gedagte hou kan ons hierdie uitgawe en baie ander titels in hierdie serie besonder verwelkom. N.

*Welch, Galbraith:* The Jet Lighthouse: An Account of Liberia, Museum Press, London, 1960, 270 pp.

THIS is a mature and sympathetic report on contemporary Liberia by an American woman journalist who has a more than superficial understanding of African problems. Her impressions of the incongruities of the new Liberia with its modern port of Monrovia; its poor roads; its rubber and iron exports; its Lilliputian administration and its backwardness by Western criteria, are interspersed with reflections on the country's chequered past. She also touches on

(1) Sien „Historiese Studies", jrg. V, 1960, no. 3, bl. 211.

an important sociological problem — the relations of the Christianised "westernised" descendants of the freed slaves with the less sophisticated inhabitants of the interior. Mrs. Welch's approach is thoughtful and a substantial bibliography bears witness to considerable research.

Liberia was originally intended to be a home for the freed slaves of the United States; it was hoped that the return of the negroes to Africa would rid America of an embarrassing problem; that from Liberia Christianity would spread into the interior and that the new state would become a hub of trade that would enrich her sponsor. All these visions faded, but the authoress sees Liberia as a "lighthouse" that has flickered for more than a century, through blunders and disasters, to serve as a beacon for ambitious negroes elsewhere. "This doyen of African nationalism has had a continuous experience in self-government and in diplomatic dealings with the outside world since 1847, an unbroken series of presidents and no revolutions."

A. M. Davey.

*Myers, Edward D.:* Education in the Perspective of History, (New York, 1960, 388 pp., prys $6.00).

HIERDIE boek is nog 'n toevoeging tot die Toynbee-literatuur. Toynbee se *Study of History* het 'n wêreldwye uitwerking gehad. Daar is gevoel dat hy in sy vergelykende studie van die beskawings die probleem van *opvoeding en onderwys* agterweë gelaat het. Toe hy vanuit die V.S.A. genader is om 'n aanvullende deel daaroor te skryf, het hy ingewillig, maar drukke werksaamhede het hom verhinder om daaraan te kom. Hy het toe Edward Myers, professor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van *Washington and Lee University,* gevra om 'n boek volgens sy plan en onder sy leiding te skryf. 'n Massa literatuur is toe verwerk en prof. Toynbee het self die teks gelees en toe 'n slothoofstuk met gevolgtrekkinge daarin geskryf.

Die *uitgangspunt* is die vraag na die doeleindes en taak van die opvoeding in die hedendaagse eengeworde wêreld, waarin die onderwys, d.i. die oordrag van die kulturele erfenisse aan die jeug, nie langer „provinsiaal" nie, maar „universeel" behoort te wees. Dit moet gesien word in 'n wêreldperspektief. Die metode om dit te bereik, is 'n vergelykende studie van dertien beskawings (dus die Toynbeaanse metode) waarin die „Periode van Groei" die „Tyd van Troebele" en die „Universele Staat" susseksief t.o.v. die vorm en aard van die opvoeding nagegaan word. Hierdie beskawing sluit o.a. in die Andiese, die Egiptiese, Indiese, Sumeriese, wat tot die primêre beskawing behoort. Hiernaas word drie sekondêre en sewe tersiêre beskawings deurgegaan. Teen hierdie breë agtergrond soek die skrywer insigte vir ons eie opvoeding in 'n veranderende wêreld. Die boek is dus pragmaties. Dit is 'n boek wat nie net vir die Amerikaanse opvoedingswese van belang is nie, maar ook vir ons eie land en trouens die hele wêreld. Dit verdien 'n wye leserskring onder ons opvoedkundiges en onderwysers.

F. A. v. J.